UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 17 # 09 • 26–10–2009 • YEAR 17 # 09 MONTHLY STAFF NEWSLETTER



## Kanselier groet

Die Universiteit het voorverlede week met spyt van dr Frederik Van Zyl Slabbert (links) as Kanselier afskeid neem, ná sy onlangse besluit om uit die openbare lewe te tree. Sy lang, gevierde openbare loopbaan waarin hy baie diep spore getrap het, het as briljante US-student en -dosent begin. Die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, gee hier by die afskeidgeleentheid vir dr Slabbert sy seremoniële hooftooisel (nou in 'n raam) wat deel was van die Kanselier se akademiese drag tydens gradeplegtighede. Die geleentheid is bygewoon deur die universiteitsbetuur en van dr Slabbert se gesinslede en jarelange vriende.

## *2010-begroting maak ruim voorsiening vir*

# BEURSE, TAAL, FASILITEITE

'n Geïntegreerde begroting wat afgestem is op die strategiese prioriteite van die Universiteit en geanker is in die planne van die verskillende omgewings.

Só beskryf die rektor, prof Russel Botman, die Universiteitsbegroting vir 2010 wat pas deur die US se Finansieskomitee en Bestuur aanvaar is vir voorlegging en aanbeveling einde November aan die Universiteitsraad.

Daarin word R42 miljoen voorsien vir die befondsing van onderrigtaal en taalontwikkeling in die breë. Altesaam R29 miljoen is geoormerk om die taalonderrig-model te finansier wat die US Raad vroeër vanjaar goedgekeur het (die instelling van parallelmedium-onderrig in die fakulteite Natuurwetenskappe, Agriwetenskappe, Ingenieurswese en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vanaf 2010.) Hiervan is R17 miljoen afkomstig uit befondsing van die Oorhoofse Strategiese Plan en R5 miljoen uit fakulteite se balansfondse.

Die begroting maak ook voorsiening vir R13,9 miljoen se voor- en nagraadse beurse – volhoubaar vir die volgende vyf jaar. Voorheen is 'n groot deel van die voorsiening vir beurse ad hoc gehanteer.

Die vergoedingsrekening vir personeel verhoog met 7%. Dit beteken 'n algemene salarisaanpassing van 7% met ingang 2010, mits personeel voldoen aan die nodige vereistes om vir dié aanpassing in aanmerking te kom. Die salarisaanpassings, met inbegrip van die hele begroting, is onderworpe aan finale goedkeuring deur die US Raad.

Studiegelde, behalwe vir enkele modules, verhoog met 8% en inwoningsgelde word met 8% aangepas, met enkele uitsonderings by die Tygerberg-kampus.

Die stand van universiteitsgeboue en fisiese fasiliteite ter ondersteuning van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie het ook pertinent aandag gekry.

Prof Leopoldt van Huysteen, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Bedryf, sê dit was moontlik om betekenisvol meer bronne vir fasiliteite ter ondersteuning van die kernbesigheid beskikbaar te stel. R14,5 miljoen is, volhoubaar, vir geboue en terreine voorsien en R8,3 miljoen is addisioneel voorsien om geboue in 2010 te verbeter.

Hy wys daarop dat die Universiteit werk met detail-bepanning vir die korter termyn en met 'n hoëvlak- rollende sakeplan wat die US by sy 2015-doelwitte moet uitbring. Om 'n geïntegreerde begroting vir die Universiteit te verseker, word die volgende vertrekpunte in die US se begrotingsbeplanning gebruik:

- Die Universiteit streef na 'n enkele geïntegreerde US-plan, met as integrale elemente daarvan, funksionele US-planne rakende Leer & Onderrig, Navorsing, Gemeenskapsinteraksie, Menslike Hulpbronne, Fasiliteite, Kommersialisering, Innovasie, ens.
- Fakulteits- en omgewingsplanne word, met inagneming van eiesoortige omstandighede, maksimaal belyn met die US-plan.
- Die US-, fakulteits- en omgewingsplanne werk met 'n sesjaarbeplanningshorison en word ondersteun deur voorkeur-aksieplanne – telkens vir tydshorisonne van ses jaar sowel as onmiddelike twaalf maande.
- Planne word afgestem op die uitlewing van die Universiteit se vyfpunt-visie en die bereiking van die US-doelwitte, en geïmplementeer in die onderskeie dimensies van die Universiteit se hoofbesigheid, naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.
- Afstemming op die US-visie en inswaai agter die US-doelwitte verleen aan omgewingsplanne 'n langtermyn fokus en 'n stabiele beplanningsraamwerk, binne die aanvaarde begrotingsmetodiek, waarbinne kortertermynverstellings gedoen kan word.

## *Nobel laureate and five others to receive honorary doctorates*

Prof Sydney Brenner, who won the Nobel Prize in Physiology or Medicine in 2002, will receive one of six honorary doctorates to be awarded by Stellenbosch University in December and in March 2010.

The honorary doctorate to Brenner will be awarded to him at a graduation ceremony in March, when honorary doctorates will also be bestowed upon Prof Nina Jablonski of the Penn State University in the USA and upon political commentator and academic Ms Rhoda Kadalie, Executive Director of the Impumelelo Innovations Awards Trust.

The other three honorary doctorates will be awarded at the University's graduation ceremonies in early December. The recipients will be Prof John Kannemeyer, prominent Afrikaans literary researcher and biographer, Mr Mosibudi Mangena, former Minister of Science and Technology who played a leading role in South Africa's freedom struggle, and Mr Peter Wallenberg from Sweden, an international industrialist and financier who has been a benefactor of Stellenbosch University.

Brenner – who, along with H Robert Horvitz and John E Sulston, received the Nobel Prize in Physiology or Medicine in 2002 for their discoveries concerning "genetic regulation of organ development and programmed cell death" – has been working on our campus as a permanent visiting fellow at Stias, the Stellenbosch Institute for Advanced Studies.

SU's honorary degrees are awarded in recognition of excellence in a variety of fields – to individuals who have contributed significantly to the promotion of a branch of science, the arts or culture to the benefit of society.

The selected candidates should have achieved national or international recognition in their respective fields of expertise, and normally honorary degrees are expressedly awarded for achievements or contriutions that have remained relevant.

**Sluitingsdag in Desember:** Die Universiteit sluit om 12:00 op Donderdag 24 Desember. As verlof vir dié dag geneem word, moet dit dus halfdagverlof wees. Die US heropen op 4 Januarie.

**Closing date in December:** The University will close at 12:00 on Thursday 24 December. If leave is taken for that day, it must be applied for as half-day leave. SU reopens on 4 January.



Anton Jordaan

## *Entrepreneur, met kleur*

"Soos wat die man in die skildery ná 'n werksdag huis toe stap om te rus, moet 'n mens plek inruim vir afdraai, vir nadink," verduidelik Portchie (regs) wat hy in gedagte gehad het toe hy dié werk as geskenk vir die Departement Ondernemingsbestuur se komiteekamer geskilder het. Die departementele voorsitter, prof Christo Boshoff, wat die skildery by Portchie se ateljee in Kerkstraat, Stellenbosch, in ontvangs geneem het, het gesê Portchie – 'n oudstudent van die departement – is nie net een van die land se gewildste kunstenaars nie, maar het hom ook bewys as 'n uitnemende entrepreneur.

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus




**OPINION** *Casting a long shadow into our future* 2




**SUPPORT** *Helping 3000 eager school learners* 4



**MENSE** *Lydia laat Lydianers groen lééf* 5



**NUUS** *Kennisvennoot vir landwye skolefees* 6



**ART** *Two pictorial glimpses from the past* 7

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!

## FROM THE EDITOR'S DESK / VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Stellenbosch is a place where "a river runs through it." Our river was dubbed *Eersterivier* (First River) because it was here that the Dutch colonial authority established its first settlement outside the area around Table Bay. A *drostdy* was built here as headquarters for administering the Stellenbosch settlement, and this historic building became home to a theological seminary in 1859.

That led to the founding of a gymnasium in 1866, from which the University eventually evolved. The seminary, now SU's Faculty of Theology, is celebrating 150 years since it's opening on 1 November 1859. Read about this on page 3.

Our cover stories feature the University's budget for 2010, as well as six horary doctorates to be awarded soon, and saying farewell to our Chancellor, the celebrated South African public figure and former Stellenbosch University academic Dr Van Zyl Slabbert.

Water and the future consequences of not managing the country's water resources, come under the spotlight in a very interesting article on the page that you're reading now.

During the coming months interesting glimpses into the past will be exhibited at the Sasol Art Museum: paintings from the 1800's, showing how two artists depicted our part of the world before the advent of photography. It is the first time that these paintings, from collections at SU and UCT, are exhibited together.

Two stories in this issue that really appealed to me are the ones about the University reaching out to school learners.

Cooperation with the Western Cape's education authorities has led to SU's Interactive Telematic Services platform being used for an outreach programme that benefits thousands of grade 12 learners at schools in disadvantaged communities.

And in the Southern Cape, SU became a knowledge partner for a new national school arts festival. Lecturers and students from various arts disciplines at the university provided work sessions to learners.

These are just some of the stories in this issue of *Kampusnuus* that you are hopefully going to enjoy.

Hans



# WATER POLLUTION:

# *Casting a long shadow into our future*

Water is an enigmatic substance – its contradictory role in our lives is unrivalled. It sustains life and plays an essential role in helping to clean up our environment and ourselves. In direct contrast, it is also one of the most efficient carriers of disease. Whether the role of water in our lives is positive or negative depends on us and how we treat the water available to us.

South Africa has even less natural water sources available than previously thought. Every assessment since the 1950's showed a declining amount of available water. At present about 98% of our available water has already been allocated and the impact of a burgeoning population and the likely effects of climate change will put even more pressure on this precious resource.

We are at the limits of our water storage capacity and to make matters worse, 160 of the 294 major storage dams do not comply with modern safety standards.

Given the precarious state of our water availability, what on earth are we doing, polluting our rivers and streams as if there is no tomorrow? Local authorities have been put under enormous pressure to expand the delivery of safe water to previously disadvantaged communities without the concomitant infrastructure to treat the resultant wastewater.

This contaminated water, together with the massive overflows from poorly maintained sewerage systems and wastewater treatment works are polluting our rivers at an alarming rate. The extent of this creeping disaster has been underestimated by ordinary South Africans.

Affluent South Africans are increasingly turning to bottled water or water treatment systems in their own homes to avoid the health consequences of this situation. There are several problems with this natural coping strategy. Bottled water is about 1000% more expensive than the equivalent volume of tap water and leaves a big environmental 'footprint' in the form of bottling, transport and plastic pollution from the packaging.

Water purification systems are of variable quality and all require regular maintenance. Most of the affordable systems do not remove smaller disease-causing organisms such as viruses.

But the most important issue for me is that we have already paid rates and taxes in order to receive safe water and have this water treated professionally after use. These home-based actions suffer from a serious lack of economy-of-scale and result in costs that only the affluent can afford. There are serious social injustices in this way of solving water quality problems.

I have been tracking the sewage pollution levels of some of the rivers in the Boland for 11 years now and the pollution levels in almost all of them are increasing by the year.

The health of our South African population is not good. The proportion of the population suffering for example from malnutrition, TB, HIV/AIDS and other chronic conditions is very high. These people are all at increased risk of contracting waterborne diseases. Apart from the economic impacts of polluted water, the increasing burden of disease is causing an already overburdened health system to buckle under the strain.

One of the biggest challenges in changing this disquieting situation is overcoming the levels of denial that are so widespread among various authorities. We can only overcome problems that we are willing to admit. Ingersoll said "In nature there are neither rewards nor punishments – there are consequences". We are not managing the consequences of water pollution at all well and the effects will cast a long shadow into our future.

*– Dr Jo Barnes, Division of Community Health, Faculty of Health Sciences*

*Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus*-redaksie of die* Universiteit Stellenbosch *nie.*

**E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA**

BRIEWE

## Wyse katliefhebbers ook op die kampus

In antwoord op die brief *Is baie kampuskatte goed of sleg?* (*Kampusnuus* 31 Augustus 2009) wil ek saamstem dat daar "goedhartiges" is wat dalk nie verder dink nie en rondloperkatte net kosgee, wat glad nie 'n goeie praktyk is nie.

Máár die meeste diereliefhebbers is ook natuurliefhebbers en ekovriendelikes en daarom sal hulle sorg dat indien hulle katte op die kampus kosgee, dié diere gesond en *gesteriliseer* is en daarmee kan die plaaslike DBV met plesier help.

Ek kan bevestig dat daar 'n groep *wyse* katliefhebbers op die kampus is, wat met die DBV se hulp van die katte laat vang en regmaak het (babas is aangeneem en ou siek katte word uitgesit), wat dus beteken dat die getalle eintlik veronderstel is om af te neem. Die gedagte is nie om katte hierheen te lok nie, maar om dié wat wel op die kampus is, te bestuur. Sterilisasie is die antwoord en nie noodwendig uitroeiing nie,

Hier is ook 'n groep studente op die kampus genaamd PAW (Promoting Animal Welfare) wat hulle beywer vir die algemene welstand van diere, en hulle kan gevra word om dié probleem te help oplos.

PAW se skakelpersoon op die kampus is Chrischelle Hanekom by 15049833@sun.ac.za of besoek http://student.sun.ac.za/paw/

*– Katliefhebber*

## Dokterspraktyk skep self dié probleme

In antwoord op *Bekommerde skemalid* se brief (*Kampusnuus* 28 September 2009): Ek vermoed van watter mediese spreekkamer hier gepraat word, want ek moes ook al dié kommentaar aanhoor.

Dié spreekkamer vra ook 'n administrasiefooi, al hoef hulle nie die pasiënt se eise aan Discovery, of rekeninge aan die pasiënt, te stuur nie. Die beleid daar is dat die pasiënt hulle moet betaal en dan self terugeis – wat hulle heelwat kostes en moeite bespaar.

Dít het ek gedoen en moes toe tot my skok uitvind dat Discovery twee rekeninge wat ek ingedien het, nie aan my kan uitbetaal nie, want die kodes op die rekening is foutief. Dit is nou nog nie deur die spreekkamer reggestel nie, nadat ek vriendelike versoeke aan hulle gerig het, sonder om enige antwoord of regstelling te kry.


Ek kan nou verstaan hoekom dié praktyk probleme sou ondervind om betaling vanaf Discovery vir hul foutiewe rekeninge te kry. Ná 12 jaar by dié praktyk het ek my hele gesin laat oorgaan na 'n spreekkamer wat wel bereid is om die moeite te doen om self van Discovery te eis en ek het nog geen probleme of klagtes vanaf hul kant ontvang nie.

My ondervinding is dat die praktyke waar die administrasie nie juis na wense is nie en, of hulle net nie met die moeite opgeskeep wil wees nie, vra dat pasiënte self betaal.

Lede moet ook besef dat 'n mens kry waarvoor jy betaal. Hoe hoër die opsie wat jy as skemalid kies, hoe beter die voordele.

*– Tevrede Discoverylid*

## Wen 'n boek met jou brief




***Katliefhebber*** se wenbrief besorg aan die skrywer daarvan 'n gratis eksemplaar van *Rich Mind, Rich Man* deur Coert Coetzee, verskaf deur die Stellenbosse kampusuitgewer SUN MeDIA en die nuwe kampusboekwinkel MY MeDIA – wat vir die wenbrief in die komende uitgawe van *Kampusnuus* weer 'n gratis boek aanbied: *Erfdeel – Koos du Plessis* deur Irma du Plessis. Stuur jou brief teen 16 November aan kampusnuus@sun.ac.za of per faks aan 021 808 3800 of aflewer by Kampusnuus, Admin B-gebou. Vir meer oor dié wenboek, en ander titels deur SUNMeDIA besoek www.sun.sun-e-shop.co.za en lees op bl. 7 van twee nuwe boeke deur dié uitgewer.

Send your letter to the editor, *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or faxed to 021 808 3800 or delivered to Admin B Building, not later than 16 November. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/email address (not for publication) is supplied to the editor.

# Eerstejaars het hier 'n beter kans op sukses

Die persentasie US-eerstejaarstudente wat met hul tweede studiejaar voortgaan, is 87 teenoor die nasionale gemiddeld van sowat 50% – danksy uitstekende akademiese leiding en talle ondersteuningsdienste op kampus.

Prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, het onlangs sowat 900 Matie-eerstejaars van 2010 en hul ouers ingelig oor hoe die Universiteit se Eerstejaarsakademie, uitstekende onderrig en tutorprogramme in fakulteite, taalontwikkeling en ondersteuning deur die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling kan help verseker dat die eerste studiejaar geslaagd voltooi word.

Die Eerstejaarsakademie, die eerste soos dié in die land, se "uniekheid lê daarin dat dit 'n institusionele program is wat alles rondom studente se eerstejaar-ervaring koördineer om sodoende studentesukses te bevorder," het prof Fourie gesê. Deur elektroniese monitering en ondersteuning asook mentorprogramme in koshuise en tutorprogramme in fakulteite verseker die akademie dat nuwelingstudente se vordering deurlopend dopgehou word en dat betyds ingegryp word as dit nodig is.

Die universiteit plaas sterk klem op deeglike voorbereiding vir die eerste studiejaar. Dié inligtingsessie, en die Verwelkomingsprogram in Januarie voor die akademiese jaar begin, is deel van dié voorbereiding.

Die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS) en die Eerstejaarsakademie bied die inligtingsessie sedert verlede jaar saam aan. Voornemende studente wat al vir 2010 ingeskryf is, word só voorberei op die uitdagings en eise wat studie in hoër onderwys stel – en ouers van veral eerstegenerasiestudente word ingelig oor hoe die US studente help om 'n sukses van hul studieloopbane te maak.

Met die US se sukseskoers van 82% teenoor die nasionale koers van 75% vir modules wat voorgraadse studente slaag, kenmerk topgehalte onderrig, innoverende akademiese programme en effektiewe studeergeleenthede die US, het prof Fourie gesê – en die US se sukses toegeskryf aan onder meer topgehalte studenteondersteuningstrukture, 'n holistiese benadering tot studentesukses, uitnemende onderrig wat deur navorsing gerugsteun word en uitstekende akademiese fasiliteite soos lesinglokale, biblioteke, e-onderrig en laboratoriums. Die Sentrum vir Studentevoorligting en-ontwikkeling se Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes verleen onder meer gespesialiseerde hulp aan studente met gestremdhede.

# *Grammy winning icons lend their voices to World Aids Day*



Prof Jimmie Earl Perry (left) with Joseph Shabalala, leader of Ladysmith Black Mambazo, admiring one of the Group's Grammy awards.

What do Stevie Wonder, The Rolling Stones, Luther Vandross, Madonna and Whitney Houston have in common? They have in the past all won the prestigous Grammy Award.

And so has Ladysmith Black Mambazo, South Africa's elite international ambassadors of music, soon to make their first appearance in the Western Cape in a long time. Ladysmith Black Mambazo represents the traditional culture of South Africa and is regarded as the country's cultural emissary at home and around the world.

Come 1 December of this year – at the Artscape Theatre in Cape Town – they will join former Broadway star, Jimmie Earl Perry, on stage during a Gala Concert to celebrate Stellenbosch University's Africa Centre for HIV/AIDS Management's 5th Annual World Aids Day. Prof Perry is the Director of the Centre's Division for Educational Theatre and Performing Arts. This is the largest event on the African continent commemorating the 22nd year of World Aids Day. The Africa Centre has hosted this event since 2005 and it has elevated itself to being the *must attend* event of the year.

Joseph Shabalala, the lead vocal of Ladysmith Black Mambazo, is delighted to join this project and to collaborate on such a necessary event to continue the fight against HIV/Aids. Also performing on 1 December in the Artscape will be the Cape Philharmonic Orchestra conducted by Marcel Koning of the Netherlands, Soli Philander (as MC), the European X-Factor winner Sharon Kips, Rouchelle Liedemann and several others.

■ For more information contact Bianca Farao at the Africa Centre for HIV/AIDS Management: 021 808 3006 or bianca@sun.ac.za and bookings can be made at Computicket.



# Teologiefees bereik finale hoogtepunt

Op Sondag 1 November is dit presies 150 jaar nadat die Seminarium vir die opleiding van NG predikante in die destydse drostdygebou in Dorpstraat geopen is. Dit word gevier met 'n geskiedkundig-analoë erediens dié oggend om 09:30 in die Stellenbosse NG Moederkerk, net soos op daardie stigtingsdag in 1859.

Almal is welkom by dié diens waar 'n US-teologiedosent, prof Dirkie Smit, die prediker is. Dit is 'n hoogtepunt van 'n naweek as afsluiting van feesgeleenthede wat die fakulteit sedert vroeg vanjaar aangebied het.

Dié naweek begin Vrydagaand met 'n uitvoering van *Jericho!* deur die Stellenbosch Libertaskoor, vir oudstudente en vriende van die fakulteit. Saterdagoggend neem kerkvennote, US-personeel en -studente deel aan 'n boomplantseremonie – om boomsoorte te vestig wat voor die stigting van Stellenbosch in en om dié terrein gegroei het. 'n Feesdinee word dié aand in die Hofmeyrsaal in Kerkstraat gehou.

Die Kweekskoolterrein het groot geskiedkundige betekenis. Dit is waar die tweede koloniale nedersetting in die land in 1679 aangelê is – en 'n drosdy later gebou is. Ná verskeie veranderings het die drosdygebou met die afskaffing van die landdros- en heemradestelsel in 1827 in onbruik geraak.

Die Kweekskool (Teologiese Seminarium) wat in 1859 in dié gebou gevestig is, het in 1866 gelei tot die stigting van die Stellenbosch Gimnasium waaruit die Universiteit Stellenbosch mettertyd ontwikkel het. Die gebou is ná 1859 verskeie kere aansienlik verander.

In 1963 het die Semiarium die US se teologiefakulteit geword. Die Verenigende Gereformeerde Kerk se teologieskool het in 2000 van die Universiteit Wes-Kaapland na dié US-fakulteit geskuif. Sedert 2003 lei die fakulteit ook predikante op vir die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa.

In 2000 was prof Elna Mouton, nou die dekaan, die eerste voltydse vrouedosent in teologie hier. Die fakulteit ontwikkel etlike jare al as 'n ekumeniese instansie wat doelbewus akademiese uitnemendheid nastreef, met toeganklikheid en diversiteit op talle vlakke.

Vanjaar was bedrywig. Die feesjaar het op 2 Februarie begin met 'n teologiedag oor *Teologie in die spiraal van herinnering en hoop.* Daar was verskeie konferensies, onder meer 'n gesamentlike een vir Werkgemeenskappe in SA met meer as 500 SA deelnemers, die jaarvergadering van die Network for African Congregational Theology (NetACT) met afgevaardigdes van oral in Afrika, 'n konferensie oor die geskiedenis van teologie-opleiding op Stellenbosch, 'n internasionale konferensie ter herdenking van die 500 jaar sedert Calvyn se geboorte, 'n konferensie oor die bevordering van menswaardigheid, in samewerking met die Protestantse Teologiese Universiteit in Kampen, Leiden en Utrecht, asook 'n teologiekonferensie deur studente vir studente.

Die akademiese hoogtepunt was sekerlik die toekenning van eredoktorsgrade aan vyf teoloë: proff Denise Ackermann, John de Gruchy, Bernard Lategan, Mercy Oduyoye en Wentzel van Huyssteen – vereer deur die US vir hul unieke, buitengewone bydrae tot die bevordering van teologie as wetenskap, veral in ekumeniese en kontekstuele teologie, in Suid-Afrika, elders op die Afrikakontinent en wêreldwyd.

Die jaar se feestelikhede het ook verskeie musiekuitvoerings, boekbekendstellings en 'n kunsuitstalling van lydens-kunswerke ingesluit. 'n Gedenkbundel, *Teologie Stellenbosch 150+* is uitgegee, met die klem, soos in die hele feesjaar, op herinnering en hoop. Herdenkingsitems vir die feesjaar is by die fakulteit te koop. Kontak Helette van der Westhuizen by 021 808 2469 of teologiefees@sun.ac.za hieroor en oor die gedenkbundel (teen R180) of oor die feesnaweek.



# Jong navorser wen gesogte gedenkprys

Dr André de Villiers (foto) van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap is in Duitsland by die 34e internasionale simposium oor hoëverrigtingvloeistof-faseskeiding en verwante tegnieke met die Csaba Horváth-gedenkprys vereer.

Hy het 'n kontanttoelaag en trofee ontvang, én is genooi om sy werk volgende jaar by die HPLC2010 in Boston, VSA, aan te bied.

Dié jaarlikse simposium is ook as HPLC ("high-performance liquid chromatography") bekend. Die prys word jaarliks by dié konferensie toegeken vir die beste mondelinge aanbieding deur 'n navorser jonger as 35. Die gedenkprys is ter nagedagtenis aan 'n akademikus van die Yale-universiteit, 'n baanbreker van hoëverrigtingvloeistof-chromatografie en skeidingswetenskap.

Hoëverrigtingvloeistof-chromatografie is 'n skeidingstegniek wat dikwels in analitiese chemie en biochemie gebruik word om komponente van 'n bepaalde produk, soos wyn, voedsel en drank, farmaseutiese middels en polimere, te skei, te eien en te kwantifiseer.

– Engela Duvenage

# Oudmatie-regter bied gedenklesing aan



Regter Jeanette Traverso, adjunk-regterpresident van die Kaapse Hoë Hof, het die Fakulteit Regsgeleerdheid se jaarlikse Morti Malherbe-gedenklesing aangebied. By haar is die dekaan, prof Gerhard Lubbe (links) en regter André Blignault van die Kaapse Hoë Hof.

Haar lesing oor *Geslagsgelykheid in juridiese perspektief: mylpale en uitdagings* was 'n oorsig oor die bydrae van regterlike beslissings tot die verwesenliking van vroueregte in die afgelope 15 jaar – en veral die uitwerking van die handves van fundamentele regte in die Grondwet. Klem is gelê op die opoffering van vroue soos Irene Grootboom, Alex Carmichele en andere. Die lesing is afgesluit met die vermaning dat regsontwikkeling deur die howe noodwendig stapsgewys geskied en dat probleme en uitdagings steeds aan die orde van die dag is.

Regter Traverso, 'n Oudmatie, was in 1989 die eerste vrou wat as *senior consultus* (SC) aangewys is, en was in 1994 die tweede SA vroueregter. As adjunk-regterpresident van die Kaapse Hoë Hof sedert 2001 is sy die enigste vrou nóg om 'n leierskapsposisie in die Hoë Hof te beklee.

# Elektroniese ‘voordeur’ bring beter kliëntediens

Met die aanbreek van 2010 kry die Universiteit ’n nuwe elektroniese “voordeur” – ’n sentrum waar duisende inkomende telefoon-, e-pos- of faksnavrae vinnig en doeltreffend sentraal gehanteer kan word.

“Die oogmerk is beter kliëntediens,vir buitekliënte soos voornemende studente of hul ouers én ook die US se eie personeel en studente,” sê dr Barbara Pool, Direkteur: Projekte en bestuurder van dié projek.

Die sentrum gaan ’n intreepunt wees vanwaar navrae dadelik afgehandel kan word of verwys word na die regte personeellid wat hiermee werk – iets wat uiters belangrik is vir die Universiteit as groot en besige instansie, saamgestel uit wyd uiteenlopende onderafdelings. Die sentrum gaan dus mettertyd die huidige Universiteitskakelbord vervang.

> Die nuwe diens sal soveel moontlik navrae by eerste kontak beantwoord en die res vinnig en doeltreffend na die regte punt verwys.

Die meeste van die omgewings waar so ’n diens waarde sal toevoeg, is lankal betrek om te help beplan aan die dienste van die nuwe sentrum. Konsultante van buite die US het gehelp met die ondersoek. Daar is onder meer gekyk na die opleidings-, gedrags- en tegniese vaardighede waaraan sentrumpersoneel moet voldoen.

Die eerste fase van die sentrum se dienste begin op 4 Januarie vanuit kantore wat aan die westekant onder in Administrasie A ingerig is. Daar sal ’n agttal personeellede wees, ingesluit die bestuurder, wat by goed toegeruste werkstasies in ’n oopplankantoor gaan werk. Omdat dit dikwels ’n spannende en veeleisende werk is, is moeite gedoen om die werksomgewing so aangenaam as moontlik in te rig.

Van die sentrum se aanvanklike “kliënte” op die kampus sluit onder meer in die afdelings Toelating, Studentehuisvesting, Beurse, Studenterekords en Kursusse, asook Voornemende Studente en die Internasionale Kantoor. “Maar dis ’n voortgaande proses. Ons begin nou maar eers met die eerste fase en ander afdelings op die kampus met ’n behoefte hiervoor, sowel as fakulteite, kan vorentoe by die sentrum inskakel,” verduidelik Darryn Havenga, wat verlede maand as bestuurder van die nuwe sentrum begin werk het.

Hy sien dié nuwe diens veral as ’n manier om soveel moontlik navrae by eerste kontak te beantwoord en die res vinnig en doeltreffend na die regte punt te verwys.” Só kan tyd bespaar word, nie net vir universiteitspersoneel nie maar ook vir ’n kliënt van buite die US wat dus nie hoef “rond te val” om uit te kom by die regte persoon wat kan help nie. Daar word dus voorsien dat die sentrum doeltreffendheid sal verhoog en tydbesparing kan meebring. Die effektiwiteit van die sentrum sal deurlopend gemoniteer word met die oog op die impak daarvan op die Universiteit as geheel.

Darryn – wat met deeglike ervaring in die bedryf van soortgelyke sentrums uit die sakesektor aangestel is – beklemtoon hoe belangrik dit is dat elektroniese middele ingespan word om groot volumes navrae te help vermy. “Ons het reeds ’n uitgebreide lys van algemene vrae, met antwoorde, opgestel. Dit is ’n “lewende dokument” wat gaan dien as verwysing vir baie van die navrae wat die sentrum sal ontvang. Die vrae en antwoorde is in samewerking met die betrokke omgewings opgestel en gaan deurlopend met hul samewerking op datum gehou word. Dit sal ook deur die web aan Maties, voornemende studente en ander belanghebbendes beskikbaar gestel word.

Verder onttrek die sentrum se stelsel direk inligting uit die Universiteit se ander administratiewe ondersteuningstelsels. “Duplisering van inligting word dus sover moontlik vermy, terwyl toeganklikheid tot inligting verhoog word,” sê mnr Jan du Toit, Assistent-registrateur: Studenterekords, wat aan die hoof staan van die implementering van die sentrum en aan wie die sentrumbestuurder rapporteer.

Die sentrum sal aanvanklik tussen aguur soggens en halfvyf smiddags oop wees. Nauurs en naweke sal ’n boodskap inbellers vra om in kantoortyd terug te bel, die nodige inligting op die US-webadres te probeer kry of in ’n noodgeval ’n noodnommer by Beskermingsdienste te bel.

“Die sentrum ondersteun die US se strategiese oogmerk om ’n gehalteinstelling te wees, én dit skakel in by die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, se verbintenis tot beter kliëntediens,” sê dr Pool.



Hennie Rudman

Die bestuurder: Kliëntedienssentrum, Darryn Havenga (regs) in die nuwe sentrum. By hom is (van links) Johann Aspeling, Registrateur (in wie se afdeling die sentrum resorteer), Jan du Toit, Assistentregistrateur: Studenterekords, en Barbara Pool, Direkteur: Projekte (die projekbestuurder)wat die implementering hanteer en aan wie die bestuurder rapporteer.

# *SU technology supports 3 000 learners*

Grade 12 learners at ten Western Cape schools are so eager to attend support classes that they pile into classrooms, even on Sunday afternoons. The classes are presented via the University’s Interactive Telematic Services (iTS) platform by teachers identified by the Western Cape Education Department (WCED).

Classes are provided in five subjects: mathematics, accounting, English first additional language, physical sciences and life sciences.

Managers of a WCED programme approached iTS to make the spare capacity on the platform not used for post-graduate programmes, available to provide technology-enhanced educational opportunities to grade 12 learners of underperforming schools.

Based on this request the iTS platform was made available to support an innovative pilot project earlier this year, to test technology-enhanced support in underperforming schools. The necessary infrastructure for the broadcasts, including satellite dishes and decoders, was installed at ten schools. Existing computer laboratories in the schools were used for the real time web interaction between presenters and learners.

“iTS is responsible for the creation of the virtual learning environment through the utilization of a technology platform based on satellite broadcasts to the schools and synchronous learner-teacher inter-action via a web interface or mobile technology during the broadcasts,” says Prof Tom Park, Senior Director: Interactive Telematic Services.

iTS also provided the training for the 35 teachers identified by the WCED to do the broadcasts. As with all broadcasts, DVD’s are made of these broadcasts and distributed to more than a hundred Western Cape secondary schools as additional learning resources.

About 3 000 Western Cape learners benefited from these evening and weekend telematic classes. Feedback from parents, principals and learners obtained during the course of the pilot project indicates the overall satisfaction of all the stakeholders with the additional support on the iTS platform. In many instances a positive impact on the September grade 12 exam results was also reported.

The WCED is negotiating with iTS to expand the project to reach at least 17 000 grade 12 learners in some of the Western Cape’s most disadvantaged communities by 2011.





At the launch of the Darwin Trail Map at Interactive Telematic Services on the Stellenbosch University campus were (in front) Dr Wilmot James, Ms Nonhlanhla Dlamini and Mr Donald Grant, with (at the back) Prof Tom Park and Dr Antoinette van der Merwe.

# Trail map launched via telematic services

In 1836 Charles Darwin, who was born 200 years ago in 1809, spent 18 days in and around Cape Town. The route he followed now forms the Darwin Trail – with a map that enables the public to follow the route. This easy to consult publication is the perfect companion for those who enjoy history, hiking and heritage.

The map was launched at Stellenbosch University using their Interactive Telematic Services (iTS) platform to broadcast via satellite to ten schools that form part of a Western Cape Education Department pilot project (see story above). Introduced by Western Cape MEC for Education, Donald Grant, the grade 12 learners heard the story of Charles Darwin’s visit as the trail was brought to life by Dr Wilmot James MP and anthropologist Nonhlanhla Dlamini.

James, an MP and the DA’s shadow minister for higher education and training, initiated the Trail project as part of the Africa Genome Education Institute Darwin200 celebrations, a project to create greater awareness of Darwin’s legacy.

Darwin was 27 years old when he visited the Cape. Of the thirteen ports where his ship, HMS Beagle, called on its homeward voyage from South America to England, it stayed longer at Simon’s Bay than anywhere else except for the Galapagos Islands.

■ The *Darwin Trail Map* is available from Cape Town Tourism, tourism bureaux, Iziko Museums, Division of Telematic Services (021 808 3563) and MTN Sciencentre or the Africa Genome Education Institute at 021 683 5814, or visit www.africagenome.com



Dr Marcelo Aizen with MSc students Rosanne Stanway (middle) and Michelle Gibson in the Northern Cederberg.

# Argentinean pollination pioneer inspires Stellenbosch scientists

An Argentinean biologist whose groundbreaking work on pollination in the agricultural sector served as an inspiration for the research careers of pollination experts in the Department of Botany and Zoology, recently made his first visit to Stellenbosch University (SU).

Dr Marcelo Aizen is renowned for his pioneering work on the effects of human impacts on natural pollination systems, and the role of pollinators in crop production. His research often takes a community level approach, incorporating the entire web of interactions between all the plants and pollinators in an area.

SAEON, the South African Environmental Observation Network, initiated his visit, with co-funding by the SU Faculty of Science and the South African National Biodiversity Institute (SANBI).

Aizen, member of a research laboratory at the *Nacional del Comahue* University, spoke at a pollination symposium and also shared his experiences in crop pollination on a visit to an Elgin apple farm where SANBI staff and SU students are investigating the pollination of fruit trees.

He also visited SU's pollination network study site at Traveler's Rest in the Northern Cedarberg – chosen by researchers in the Department of Botany and Zoology because of the diversity of plants and pollinators there and because this area is predicted to be strongly affected by future climate change.

The site was set up three years ago as part of MSc student Rosanne Stanway's study to determine generalist-specialist plant pollinator dynamics, the vulnerability of plants to extinction due to pollinator loss, and the patterns that are found between flower morphology and pollinator preference.

This is the first South African study to investigate the relationship between plants and their pollinators on a community level. Interestingly, she has been able to use analytical approaches originally developed for the study of quite unrelated interaction networks such as telecommunications networks, air traffic networks and the World Wide Web. These analyses have revealed interesting properties of the pollination network, such as a tendency for specialist species to interact with generalist species, rather than with other specialists.

The Cedarberg site is now being used for longer term baseline monitoring of these important processes, and the impact of climate change on community processes.

Her study leader, Dr Anton Pauw of the Cape Flora Research Group in the Department of Botany and Zoology, remembers how an article by Aizen in the journal *Ecology* inspired Pauw's doctoral thesis which dealt with the effects of habitat fragmentation on plant pollinator interactions.

"At the Cape, where many plant species differ only in their floral features, pollinators may hold the key to understanding the genesis of this area's spectacular floral diversity," he believes."However, many of the Cape's famously specialized pollinators, including long-tongued flies, sunbirds and oil-collecting bees are threatened by man's activities."

"If we understand the role of pollinators in maintaining and generating plant diversity, it might be possible to predict the influence of human impacts, and to restore the damage that has already been done," speculates Pauw.

He hopes that Aizen's visit will have inspired a lasting South-South collaboration with South American scientists, because it is possible to compare and contrast the evolution and ecology of pollination in two biodiverse Gondwanan continents.

– Engela Duvenage

# *Stellenbosse ekspospan blink uit*

"Ons vindingryke leerders was met blink oë en koppe vol idees reg om die beoordelaars te vertel van hulle navorsingsondersoeke – en te verduidelik hoe hulle dink probleme opgelos moet word, vertel 'n trotse me Erika Hoffman van die Instituut vir Wiskunde en Wetenskappe Onderrig (IWWOUS), ná die Nasionale Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes in Pretoria waar die Stellenbosse streekspan uitgeblink het.

Met 20 projekte is dié span beloon met 19 medaljes (drie goue, tien silwer en ses brons) en ses spesiale pryse. Drie leerders is ook gekies om Suid-Afrika by verskillende internasionale wetenskapsekspo's te verteenwoordig.

Die span van 30 graad 7- tot 12-leerders van 17 Bolandse, Weskus- en Swartland-skole is gekies ná die Stellenbosse streekskompetisie van die Eskom vir Jong Wetenskaplikes, waarby tientalle US-personeellede betrokke was.

Voor die nasionale byeenkoms het IWWOUS-personeel die leerders gehelp om hul projekte af te rond. Hoffman vertel hoe beïndruk die personeel was "met die tyd en moeite wat dié jongmense bestee het om hul navorsing op 'n hoë vlak te bring en uit te stal."

Personeel van IWWOUS en die Fakulteit Natuurwetenskappe was saam met die leerders Pretoria toe – waar Hoffman, me Pauline Hanekom en mnr Clifton Ayford van IWWOUS, asook me Mariétta van den Worm, fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Natuurwetenskappe, nasionale beoordelaars was.

Vanjaar se byeenkoms was die Eskom Ekspo se grootste nóg, met 800 leerders uit 26 streke landwyd wat meer as 500 projekte ingeskryf het. Dr Naledi Pandor, minister van wetenskap en tegnologie, was die gasspreker by die prysuitdelingseremonie.

– Engela Duvenage


# Prestigious gold medal awarded to TB expert

The Academy of Science of South Africa has awarded one of two prestigious annual Science-for-Society gold medals to Prof Paul van Helden, who chaired the Research and Ethics committee in the Faculty of Health Sciences until recently.

Van Helden was the first chair of this committee who is not a clinician and a dean. He heads the new Department of Biomedical Sciences, is head of the molecular biology and human genetics divisions in the faculty and director of the combined Medical Research Council and Stellenbosch University Centre for Molecular and Cellular Biology, as well as co-director of the DST Centre of Excellence in molecular tuberculosis research.

Van Helden has initiated major new directions in TB research, obtained funding, found local and international collaborators, as well as coordinated and managed the projects – all in the interests of finding new tools to diagnose, treat and prevent one of the world's most devastating diseases.

Under his leadership, the group has set out to understand the mechanisms of drug resistance; to challenge all the existing conceptual frameworks and to re-examine fundamentals; to introduce rapid



Prof Paul van Helden

diagnostics; and to assess whether drug resistant TB cases are caused by the acquisition of resistance or the transmission of already resistant microorganisms. The resulting new technology can identify micro-epidemics as they occur.

Van Helden's contribution to science is evidenced by his extensive list of publications, book chapters and patents. Few South African scientists have such an excellent record, especially in so many high-impact journals. Van Helden has also been innovative in product development, as is evident from his patents and novel equipment items produced.



Lydia se inwonende hoof en eta-finalis Lydia Willems (regs voor) sit hand by met die plant van 'n wilde olyfboom op Boomplantdag. By haar is van die huiskomiteelede.

# *Lydia se Lydia lééf groen*

Enige deursnee-inwoner van die vrouekoshuis Lydia ken die leuse "Remember to reduce, re-use and recycle" al baie goed. Dit is een van die gunsteling-mantras van dié koshuis se inwonende hoof, Lydia Willems, as sy Lydianers motiveer om so "groen" en omgewingsvriendelik as moontlik te leef.

Sy is vanjaar een van die finaliste in Eskom en die nasionale Departement Energiesake se 20ste eta-toekennings in die kategorie *Woman in Communities* – wat erkenning gee aan vroue wat 'n verskil maak op hoe volhoubaar of energiedoeltreffend hul gemeenskappe is. Die wenners word later vandeesweek by 'n glansgeleentheid in Johannesburg aangekondig.

Inisiatiewe soos die gebruik van energiebesparende gloeilampe en energiedoeltreffende tuimeldroërs en mikrogolwe, én veranderinge in studente se houding en optrede, het verseker dat die koshuis Lydia reeds twee keer onder die pryswenners van die Eskom Energie-uitdaging op kampus was.

Lydia, wat koshuishoof én hoofsekretaresse van die Departement Plant- en Dierkunde is, is van kindsbeen af al 'n natuurmens en was die eerste vrou wat 'n honneursgraad in natuurbewaring by die US behaal het. Sy het onder meer al by SANParke en CapeNature gewerk, en is die afgelope jare 'n trusteelid van die SA been van *A Rocha*, 'n wêreldwye Christenbewaringsorganisasie.

Lydia is nie net 'n inspirasie vir haar eie koshuisgemeenskap nie. Sy is betrokke by die opleiding vir die groen portefeulje huiskomiteelede en het die eerste Omgewingsoudit vir Studentebehuising opgetrek, wat deesdae die "groen" riglyn is waaraan alle deelnemers aan die Eskom Energie-uitdaging op kampus hul volhoubaarheidspraktyke meet.

Daarby is sy ook lid van die "Sustainability Think Tank" en Ecomaties, 'n georganiseerde groep studente en personeel wat 'n belangstelling deel in omgewingskwessies en volhoubaarheidsontwikkeling op kampus. Sy is ook voog van die "Leef en Leer" studentehuis in Victoriastraat wat volhoubaarheid as tema het.

– Engela Duvenage

# Kunstedepartemente help nasionale skolefees grondvat

**Studente en dosente van drie US-departemente, Drama, Musiek en Visuele Kunste, het op George deelgeneem aan die eerste nasionale kuns- en kultuurfees vir skole. Dit kan 'n jaarlikse hoogtepunt op die landwye skolekalender word.**




Prof Julian Smith (naasregs voor) en mnr Jerome Slamat (heel regs) by die fees saam met van die US-dosente en -studente.

Die US was as medestigter en kennisvennoot betrokke by dié fees, die Sanlam Trust Outeniqua Kaleidoskoop wat deur die Hoërskool Outeniqua en die gemeenskap van George aangebied is, met Sanlam Trust as hoofborg.

Leerders van 'n aantal skole oor die land kon werksessies bywoon in ses kunsdissiplines – skilderkuns, ontwerp, drama, dans en vokale asook instrumentale musiek. Voornemende studente en hul ouers kon ook afsprake reël vir voorligting deur die US se Sentrum vir Voornemende Studente, wat 'n uitstalling aangebied het.

Dit was 'n geleentheid vir opvoeders, leerders én kunsliefhebbers om aan dié US-kenners se praktiese en teoriekennis blootgestel te word. US-dosente het onder meer ingesluit Vivian van der Merwe, Verna Jooste en Ernst van der Wal van Visuele Kunste, Pamela Kierman, Rudolf de Beer, Felicia Lesch, Karin Maritz en Annemarie Swanepoel van Musiek en Johan Esterhuyse en Schalk van der Merwe van Drama.

Verskeie nagraadse studente was onder meer ook betrokke – en dit word beskou as 'n geleentheid om in 2010 meer Maties te betrek as deel van hul leerervaring.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, en mnr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, het die US-bestuur by die fees verteenwoordig.

"Die Universiteit beskik oor van die voorste kenners op die gebied van die kunste, wat onskatbate waarde kan toevoeg tot die toerusting van leerders maar veral opvoeders," sê Slamat. "'n Goed toegeruste onderwyser is van onskatbare waarde vir die baie kinders wat hy of sy onderrig." Hy het beklemtoon hoe belangrik dit is om 'n volhoubare strategie vir die toerusting van onderwysers te volg.

Slamat sê die Universiteit se Strategiese Raamwerk "plaas 'n spesiale klem op die US se bydrae tot die ondersteuning van die skoolstelsel in die nasionale belang. Hy het beklemtoon dat die US 'n inisiatief soos dié kunstefees vir skole ewe belangrik ag as wiskunde- en wetenskap-inisiatiewe, "as 'n belegging in ons gesamentlike toekoms."

Skole uit Bloemfontein, Pretoria, Port Elizabeth, Kaapstad en Stellenbosch het onder meer deelgeneem. Die fees was ook daarop gemik om loopbaangerigtheid vir leerders te bevorder en om opvoeders te bemagtig.

Mnr André Gaum, voormalige adjunkminister van Onderwys, het met die bekendstelling van die fees vroeër vanjaar gesê die opbouende rol wat kuns en kultuur in die samelewing en onder die jeug kan speel, moet nooit onderskat word nie.

Sanlam Trust se uitvoerende hoof, Mnr Berrie Botha, het die fees as "Cravenweek van die kunste" beskryf en die hoop uitgespreek dat dit nog 'n beduidende rol sal speel om belangstelling in en kennis van kuns en kultuur te bevorder.

Feeskoördineerder en stigter me Louise Louw, drama-opvoeder by die Hoërskool Outeniqua op George, sê "as opvoederr droom ek van 'n geleentheid waarby die kunsteleerder in groepsverband kan deelneem en nie net êrens in 'n klaskamertjie sy instrument bespeel of sy ontwerp of skildery vir die eksamen gereedkry nie." Om dié "sielsvakke" met insig en relevansie aan te bied, moet die betrokke opvoeders in dié vakke bemagtig en gevoed word, sê sy.

Ondanks gebreke omdat dit 'n eerste keer was, is die organiseerders geesdriftig oor die fees se toekoms as 'n jaarlikse geleentheid. En die US is gretig om as kennisvennoot weer betrokke te wees. "Die fees was vir die Universiteit Stellenbosch 'n samevloeiing van potensiaal, talent, kundigheid, sosiale responsiwiteit en toewyding." Sê Prof Julian Smith.

'n Gemeenskapsprojek by George wat deur die fees bevoordeel is, is die Bethesda-projek – wat gesondheids-, sosiale en pastorale dienste aanbied en waarmee prof Julian Smith etlike jare gelede 'n US-verbintenis aangeknoop het. Mnr Slamat en prof Therese Fish, visedekaan van Gesondheidswetenskappe, US, het tydens die fees die bande hiermee verstewig. Vanaf 2005 het US-teologiestudente Bethesda besoek as deel van hul M-studies. Nou kan Gesondheidswetenskapstudente moontlik in die toekoms deel van hul praktiese ervaring daar kry – in 'n landelike omgewing wat goed by hul leerplan aanknoop.









# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**For Sale:** 3-bedroom Town-House in security complex in De Tjiger. 5 km from Tygerberg hospital. Contact 082 979 4667.

**For sale:** National Geographic Magazines 1992-1995. Each year complete set. R120 per year; outstanding condition. Contact bap@sun.ac.za or 021 855 2409

**Mountain Bike:** Raleigh Nomad Trail Bike large, brand new, unwanted gift. R3500.00. Please call 082 979 4667.

**Sleepwa – Ideaal vir kampeer/ visvang/jag:** Verhoogde onderstel met Munro skokbrekers, nuwe bande, spaarwiel, 2x Jerry kanne vir Brandstof/Diesel.

Baie netjies. Prys: R6 200 of naaste kontant aanbod. Skakel Riaan Hanekom

083 267 6752

**Huis te koop:** Ruim 6/7 slaapkamer huis, sitkamer, groot studio, 3 toilette, 2½ badkamers, uiters geskik vir professionele werk van huis of studente. Naby hospitale, topskole, Tygervalleisentrum en op busroete stad toe en maklike toegang tot lughawe. Eienaar verkoop om gesondheidsredes. Leonie Avenant: leonieavenante@gmail.com Tel: 072 281 8345. R1,9 onderhandelbaar

**TE HUUR / TO LET**

**Somerset West:** Furnished 2,5 bedroom flat to rent on daily basis. 4-bed & full bathroom. Secure parking. R350 per day for flat. Contact: 082 439 8808

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Stellenbosch:** Luukse woonstel vir 2 persone. Selfsorg/etes verskaf. Veilige parkering. Privaat tuin. Besoek www.andria.co.za of skakel 073 1946 382 of 021 883 3322.

**Somerset West:** Accommodation in Somerset West for parents plus Student: New Self-catering Unit for two plus one over 15 years. Two adults R450 per day, plus R80 for additional Family member. Please phone: 021 851 1475 or cell: 083 754 2493 or email: gudrunholidays@gmail.com

**Verblyf Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R120-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**Mosselbaai – Perna Perna:** Luukse woonstel met see-uitsig vir September vakansie. Drie slaapkamers, twee badkamers. Ten volle toegeruste kombuis.

Woonstel word daagliks gediens. Toegewysde veilige parkering in die kompleks. Betaal net die heffing van R3 400, of R550 per dag. Kontak Ria Burrows by 082 572 0742; of e-pos mmb2@sun.ac.za

**Gastewoonstel in Die Boord:** Dubbel en suitslaapkamer plus groot oopplan kombuis-leefvertrek net dubbel slaapbank. Swembad en braai. Skakel: 083 269 3325.

**Stilbaai:** Strandhuis (4 en suite slaapkamers plus dubbelslaapbank) voor op hoofstrand beskikbaar van 1-27 Desember 2009. Skakel: 083 269 3325

**Accomodation Herold's Bay:** Sea front beach cottage at Herold's Bay. Sleeps 6-8 people. Available 7 Dec- 26 December 2009. phone 072 158 6811

**KLEINMOND:** Vakansiehuis te huur. Slaap 6 mense. Huis volledig toegerus. Sentraal geleë. Beskikbaar vanaf 5 Desember 2009. Skakel: 082 961 4701 of 021 887 3939 vir meer besonderhede.

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Stellenberg/Vredekloof - Stellenbosch:** Bestaande ryklub soek persoon woonagtig in Stellenberg/Vredekloof area om aan te sluit. Eie vervoer is noodsaaklik. Werksure: 07:45 - 16:30. Kontak: M Hanekom 021 808 2601

**Kraaifontein – Stellenbosch:** Daily lift club on offer from Kraaifontein to Stellenbosch (working hours 08:00 – 16:30) from February 2010. Must have own vehicle to share driving. Contact Mégan at meganb@sun.ac.za / 021 808 3083.

**DIENSTE / SERVICES**

**Skipperslisensies:** 1nm; 15nm; 40nm. Volgende kursus : November. Aangebied by Magson, Marine Yamaha, Strand. Kursusaanbieder: Pieter Welgemoed (Samsa). Skakel 074 214 7664 / 021 856 2911 of Epos awl@sun.ac.za

**DLC FIRE PLACE**
**Houtverkope**
Braaihout: Black wattle : R600-00 1000 stukke
Kaggelhout: Bloekom : R550-00 1000 stukke
**Die afsaag van bome**
**Kontak :** Desmond 021 886 59 22 / 0840473203

*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Maandag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Maandag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Monday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Monday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za



*Table Mountain from Salt River by Solomon Caesar Malan (watercolour, 44 x 76,5 cm, Stellenbosch University Museum Collection)*

# Two different glimpses from the past

As part of a collaborative initiative between Stellenbosch University and the University of Cape Town, the artworks of Charles Bell and Solomon Caesar Malan are exhibited together for the first time as a comparative visual perspective on Cape Town and its environs circa 1830-1870.

*Glimpses from the Past – works by Charles Bell (1813-1882) and Solomon Caesar Malan (1812-1894)* – will be exhibited at the Sasol Art Museum on campus from 5 November 2009 until 30 January 2010.

Charles Davidson Bell arrived at the Cape in 1830 aged sixteen. Over a period of forty years he made a significant contribution to many aspects of local life before retiring to his native homeland, Scotland. In 1848 he became surveyor general of the Cape Colony.

He is remembered mainly for designing the famous Cape Triangular stamps and for having the city of Bellville named after him in recognition of his work as engineer in the construction of the railway line.

His artistic talent resulted in his selection as second artist in Dr Andrew Smith's scientific expedition to the Tropic of Capricorn, where Bell was responsible for recording the landscape and various people encountered. His illustrations provide a fascinating contribution to the records of social life at the Cape in the 19th century.

As a young Swiss student Solomon Caesar Malan studied at Oxford. After becoming a British citizen he accepted a professorship in classics in Calcutta, India in 1837. He visited the Cape in 1839, remaining here for four months before returning to India.

During this short period he produced approximately 90 watercolours and pencil sketches of Cape Town and its environs as well as of his journey through Stellenbosch and Franschhoek to Genadendal and from there through the Helderberg back to Cape Town.

These works of art – produced from a time before the invention of photography – provided the only way a tourist or traveller could make a record of his surroundings and experiences.

Both Bell and Malan did not see themselves primarily as artists – Bell was to become surveyor-general at the Cape and Malan a professor in classics in India. Their watercolours and drawings from this period offer two interesting and startlingly different views of the Cape, both from a personal and aesthetic point of view.

The John and Charles Bell Heritage Trust and the Stellenbosch University Museum have made this exhibition possible.

■ The Sasol Art Museum, at 52 Ryneveld Street, Stellenbosch, is open on Mondays (10:00-16:30) and Tuesday to Saturday (09:00–16:30). For more information, telephone 021 808 3029.



*Table Mountain from the beach of Table Bay* by Charles Davidson Bell (watercolour, 14 x 22 cm, Bell Heritage Trust Collection, UCT)

# *Schoeman gives solo recital in Endler Hall*



As a grand finale to this year's Konservatorium series, multi award winning South African pianist Ben Schoeman (photo), will give a solo recital in the Endler Hall on Sunday 15 November at 20:00. The programme will include the Sonata no. 2 in A major, Op. 2, no. 2 by Beethoven, Rachmaninoff's Variations on a theme by Corelli, Op. 42 and Brahms' Sonata no. 3 in F minor, Op. 5.

Schoeman, who now lives in Europe, recently won the Unisa International Piano Competition. His dazzling performances in South Africa and abroad have already earned him an international reputation of note.

■ Tickets (R80 for adults, R60 for pensioners) are available from Computicket and at the door.

## *Annual sale at Art Gallery*

Artists are invited to participate in the sixth annual *SALE 30 X 30* at the Stellenbosch University Art Gallery, corner of Dorp and Bird Street, Stellenbosch, from Thursday 15 October 2009 until Wednesday 11 November 2009. Each artist may present three works, to be delivered at the Art Gallery on Monday 12 October, from 09:00 to 17:00. Please contact: Colijn Strydom at suz@sun.ac.za or tel. 021 808 3524/3489, fax 021 808 3669.

# Sigeunerklanke aangebied in Botaniese Tuin

Die laaste Simbiose-konsert vanjaar in die Botaniese Tuin is 'n uitvoering deur die *Duende*-trio, in die reeks *Tafelmusiek om Elf* op Sondagoggend 15 November.

Twee Oudmaties, fluitis Marietjie Pauw en sopraan Sabina Mossolow, het die Simbiose-konsertreeks – wat in en om die Botaniese Tuin gehou word – vroeg vanjaar op die been gebring.

*Gypsy Jazz*, vanjaar se laaste uitvoering, is in die tuin se Ateljee wat op die varinghuis uitkyk. Sigrun Paschke (akkordeon), Leonore Bredekamp (akoestiese bas) en Renée Belcher (saksofoon) gaan Oos-Europese sigeunermusiek en Latyns-Amerikaanse klanke soos *La Cumparsita en Brasiliera* en die tango uit *Scent of a woman* laat opklink.


Al drie dié musici het musiekgrade by die US behaal en speel sedert 'n jaar en 'n half gelede saam, meestal by restaurante en buitemuurse funksies. Duende beskryf die vurige kreatiwe gees van die skeppingsproses as die trio saam musiek maak.



Die Duende Trio met (van links) Renée Belcher, saksofoon, Leonore Bredekamp, kitaar, en Sigrun Paschke, akkordeon.


■ Die uurlange program begin om 11:00. Kry kaartjies (R50) by Viola, 021 808 3054 of 'n halfuur voor die konsert by die deur. Die lokaal is rolstoel-toeganklik. Besoek ook www.sun.ac.za/botaniesetuin

## BOEKE / BOOKS




### UNSUNG: SOUTH AFRICAN JAZZ MUSICIANS UNDER APARTHEID
Chris Walton & Chatradari Devroop

In recent years, several texts have been published on South African jazz by various authors but attention has been focused largely on the musicians who went into exile. Unsung is a book on jazz in our country, but from the performer's perspective. The musicians featured are the musicians who stayed. These artists have had rich, enriching lives, and the best way to explore their story would be to give them the opportunity to tell it themselves.




### MUSIC & IDENTITY: TRANSFORMATION & NEGOTIATION
Eric Akrofi, Maria Smit & Stig-Magnus Thorsén

Significant political and social changes worldwide have affected musical life and the role of music in society. A group of scholars from Nordic countries and from Southern Africa became interested in analysing these processes and formed a research network focusing on various musics' relation to individual and social identities. This volume is the result of the Swedish South African Research Network (SSARN) that started in 2002. This volume offers 23 essays, written from different theoretical and methodological perspectives, in which the authors grapple with issues of music and identity in order to open up interest for and on-going academic discussion on this topic.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)
www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626

## *Great music talent on campus*

Concert lovers may be interested in attending the Konservatorium Performance Examinations which are open to the public.

These concert examinations take place in the Endler Hall or the Fismer Hall each day from the end of October through to 18 November – and feature a variety of solo and chamber music performances from the final year and master's degree students.

It is a wonderful opportunity to give support to these students, and at the same time experience some of the great South African talent that is available right here in Stellenbosch.

■ For a detailed schedule of the performances please email: howlett@sun.ac.za or visit www.sun.ac.za/music for more information.

# *Matie-kanovaarders is universiteite se kampioen*

Roeiers van die Maties Kanoklub het hul staal gewys by die jaarlikse USSA- kampioenskapsbyeenkoms vir universiteite, op die Visrivier vroeg in Oktober. Dié universiteitestryd is deel van die Hansa/Powerade Visrivier-kanowedvaart.

In die vroueafdeling het Robyn Kime (foto) die eerste dag al haar slag gewys deur met hoog aangeskrewe teenstand af te reken en die skof te wen. Op dag twee het sy hierop voortgebou deur ses kilometer voor die einde seker te maak sy swem nie by ’n versperring nie.

Hier het dag twee se vrouevoorlopers en gunstelinge om te wen, se aanslag geëindig. Robyn is sonder probleme oor die keerwal om haar titel as vrouewenner te verseker – en daarmee nog ’n trofee langs haar Bergrivier- kroon te plaas. Sy het algeheel 51ste geëindig.

In die mansafdeling was die mededinging uiters straf, met internasionale roeiers wat saam met die studente aan die wedvaart deelgeneem het. Pierre-André Rabie kon ook voortbou op sy goeie uitslag op die Bergrivier, en het 20ste geëindig. Die klein Maties-span van ses het goed gevaar om naelskraap die titel, wat hulle verlede jaar net ontwyk het, te verower. Pierre-André, wat ook vir die SA o.23-groep na die Wêreld Kanomarathon in Portugal gekies is, was algeheel derde in die o.21-afdeling vir K1-bote.






## Ouddosent in Nederland ingehuldig

Prof Willie van der Merwe (middel), gewese voorsitter van die Departement Filosofie by die US, toe hy onlangs sy inhuldigingsrede as professor in die fakulteit godgeleerdheid by die Vrije Universiteit Amsterdam gelewer het. By hom is (links) prof Sakkie Cornelius, professor in Antieke Studie by die US wat nou as internasionale navorsingsgenoot aan die Ruhr Universiteit, Bochum, Duitsland, verbonde is, en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, wat die US by dié inhuldiging verteenwoordig het.

# Erkenning vir byna elf eeue se diens

Met 1 075 jaar van diens aan die US tussen hulle het 43 werknemers vroeër dié maand deel geword van ’n baie spesiale groep. Die Universiteit het elkeen vereer vir 25 jaar se werk by die US.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het die Langdienstoekennings oorhandig. Dié toekennings bewys die lojaliteit wat onder US-werknemers bestaan, het hy gesê. “Dit is vanaand die geleentheid om stil te staan, na te dink en ook om die kollegas wat hierdie mylpaal bereik het, lof toe te swaai.”

Hy het die ontvangers teruggeneem op ’n vinnige terugflits na die jaar van hul indienstrede, 1984, deur uit te wys dat ’n mens toe R690 per jaar vir ’n BCom-graad betaal het.

En ’n eerstejaarstudent in gesondheidswetenskappe se studierekening was R720.

Hy het gesê die ontvangers het bygedra tot die opbou van die Universiteit se reputasie. “U het die platform help lê vir die US se uitnemendheid.”

Die 43 ontvangers van die toekennings vir die afgelope kwarteeu se diens is: mnre Xolile Adam en Johan Calmini (albei van Eiendomsdienste), prof Andreas Coetzee (Anestesiologie en Kritieke Sorg), mev Marianne Coetzee (Monica Koshuis), mnr Andries du Toit (Sportburo), me Winifred Fourie (Kursusse), mnr Nico Goosen (IT: Akademiese en Administratiewe Inligtingstelsels), mev Petro Hanekom (Anestesiologie en Kritieke Sorg), mnr Charlie Hendrikse (Aankope en Voorsieningsdienste), mev Mary Johnson (Chemie en Polimeerwetenskap), mnr Karel Josephs (Sportburo), me Simone Kirsch (Musiek), prof Theo Kleynhans (Landbou-ekonomie), mnre Alan le Grange (Sportburo) en Bennie Lindoor (Ingenieurswese), me Hester Lotter (Buro vir Ekonomiese Ondersoek), mnre Lawrence Mahlaba en Melvin Maxongo (albei van Eiendomsdienste), mev Monika Minnaar (JS Gericke Bilioteek), mnre Vulike Mkhosi en Mawande Ntshwanti (albei van Eiendomsdienste) asook Anthony Otto (Bedryfsielkunde) en David Pool (Fisika), mev Rosy Pretorius (Mikrobiologie), mnre Henry Sebastiaan (Aankope en Voorsieningsdienste) en Elwin September (Universiteitsmuseum), prof Eon Smit (Nagraadse Bestuurskool), me Neeltje Smit (Arbeidsterapie), me Stinie Spies (Kursusse), mevv Rene Stigling (Koshuisdienste) en Judith Swartz (JS Gericke Biblioteek), mnr Dorson Tukwayo (Eiendomsdienste), mev Anna-Marie van der Merwe (Eiendomsdienste), mnr Willem van Kerwel (Hortologie), me Corinna Truter (Ingenieursbiblioteek), dr Gert van Rooyen (Siviele Ingenieurswese), mnr Leslie van Rooyen (Geneeskundige Fisiologie), mnr Isaac van Niekerk Eiendomsdienste), prof Dorothea van Zyl (Afrikaans en Nederlands), me Susan van Zyl (Kardiotorakale Chirurgie) en mnre John Villet (Eiendomsdienste), Pieter Wever (Voertuigpoel) en Jan Williams (Eiendomsdienste).



Anton Jordaan

Prof Smith (regs voor) saam met van die personeellede wat die Langdienstoekennings-funksie kon bywoon.






**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 30 November 2009**

**Redakteur:** Hans Oosthuizen (wnd)
**Bladontwerp:** Heloïse Davis
**Drukwerk:** Shumani Printers

**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou,
tel: (021) 808 3724, faks: (021) 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY